Vors

LES 3: Sonde en Vergifnis

Doel: Dat die kinders sal besef dat almal sondig is en dat sonde nie reg is nie. God hou nie daarvan nie. Sonde maak ons ongelukkige mense, maar as ons ons sonde bely, vergewe God ons.

Hulpmiddels:

Tennisbal, Marie beskuitjies, glasies met water

Inleiding:

Laat hulle 'n tennisbal rondgooi en haal dan iets skerps uit soos 'n turksvy of kaktus blare of selfs 'n doringtak. Vra vir hulle of hulle dit ook wil rondgooi. Hoekom nie? Dit gaan hulle seermaak.

Wat is die verskil tussen die bal en die skerp voorwerp? Een maak jou seer en die ander nie. Sonde is dit wat ons seermaak.

Les:

- Wie van julle doen sonde?
- Wat is sonde? (kinders noem voorbeelde)
- Sonde is wat ons DINK, DOEN en Sê
- Lees: Ps. 32:3-4
- Sonde droog ons uit en teer ons liggaam uit. Om dit te demonstreer laat hulle marie-beskuitjies eet. Aan die begin is dit lekker en maklik, maar hoe langer en meer jy eet hoe moeiliker raak dit. Sonde is so - dit vang jou later.

Aktiwiteit:

Hou nou 'n Marie beskuit eet kompetisie met 'n paar vrywilligers. Daag die kinders uit om so veel moontlik beskuitjies te eet sonder water. As jy nie meer kan nie, kan jy vir water vra. As die eerste een water vra en wil ophou sê vir hom/haar dat die water nie beteken dat jy gediskwalifiseerd is van die kompetisie nie. Die ander sal dan dadelik ook water vra waarna jy die kompetisie kan stop en verduidelik dat sonde alleen afgewas word as ons dit bely – om vergifnis te vra net soos ons vir die water moes vra. En dit beteken ook dat as jy sonde gedoen het jy nie opgehou het om God se kind te wees nie.

Gee vir al die ander kinders ook water om die marie-beskuitjies mee af te sluk.

Aanbidding:

Dawid het ook eers gedink hy kon die sonde wegsteek.

Ps. 51 op die wysie van "Wees stil en weet"

Vergeef my O God
Vergeef my O God
Gee my tog u guns
Genade en trou
Vergeef my O God
Was my weer skoon

Jy kan ook die kinders 'n spreekkoor laat doen:
Die seuntjies sê met 'n diep lae stem:
Skep vir my 'n rein hart oor God

En die dogtertjies antwoord:
Laat my weer blydskap belewe

Laat hulle dit 3 of 4 keer herhaal in gewyde atmosfeer.

Toepassing:

Laat die kinders dinge waarmee hulle sukkel, bely. Skryf dit op 'n swart/groenbord. Sê dat God ons van alles vergewe en terwyl jy dit sê kan jy dit afspuit met 'n waterbottel, of die kinders kan ook kans kry om dit self af te spuit.

OF

Neem 'n goot karton en teken 'n groot hart met 'n dik swart koki daarop.
Met 'n rooi koki skryf neer waarmee die kinders sukkel (hul sondes)
Wanneer ons vir Jesus sê dat ons jammer is oor ons sondes, vergewe Hy ons, want Hy het vir ons aan die kruis gesterwe. Neem nou 'n stuk rooi sellofaan en plaas dit bo-oor die hart. (mens sien nou net die swart buitelyn van die hart)

Wanneer Jesus ons ons sondes vergewe het, is ons sonde nie meer sigbaar nie. Jesus het dit weggeneem. Maar wanneer ons nie meer by Jesus is nie, dan sal ons sondes wel sigbaar wees.

Afsluiting:
Gee aan elke kind 'n papiertjie met 'n hart op met vandag se teksgedeelte op geskryf. Hulle kan dit by die huis gaan versier. Laat die hart hulle onthou dat ons nie sonde kan wegsteek nie en wat die gevolge van ons sonde is.

★★★

VERVOLG VAN IDEES VAN BL 8